

DIE SKIETLOOD

101e Uitgawe 2 Desember 2016 saam met Koersvas 101



Daaglikse brood

Lukas 11:3 Gee ons elke dag ons daaglikse brood; (τὸν ἄρτον ἡμῶν τὸν ἐπιούσιον δίδου ἡμῖν τὸ καθ' ἡμέραν)

Matteus 6:11 Gee ons vandag ons daaglikse brood; (τὸν ἄρτον ἡμῶν τὸν ἐπιούσιον ἴσθι ἡμῖν σήμερον).

Hierdie bede in die modelgebed is aan die een kant maklik om te verstaan maar is nogtans nie sonder sake wat aandag moet geniet nie. Dit is veral die woord “ἐπιούσιον” (daaglik) wat problematies is.

Ons verstaan as gelowiges dat ons uit ons Vader se hand lewe. Dit maak dit maklik om hierdie bede op ons lippe te neem. Ons verstaan dat ons van God afhanklik is, selfs in 'n tyd van vol spense, preserveermiddels en vrieskaste. Ons weet dat ons kos kan opgaar vir lang tydperke se honger en nood. Dit beteken nie dat ons lang tydperke sonder hierdie kos kan lewe nie, ons het daaglikse behoefte aan te ete en te drinke. Inteendeel, 'n mens kan net drie dae sonder water, drie weke met water sonder kos. Om te vra vir daaglikse kos is om hierdie feit van ons bestaan te erken.

Die Griekse woord wat met daaglikse vertaal word, “ἐπιούσιον”, is 'n woord wat net twee maal in dieselfde konteks voorkom en dit is in die modelgebed. Beide Matteus en Lukas gebruik die woord, maar buite hierdie twee tekste in dieselfde gebed, is daar in die Griekse literatuur geen ander voorbeelde nie. Die woord is 'n saamgestelde konstruksie. Kenners verskil oor die woorde wat gebruik is

om hierdie woord te skep. Aan die een kant kan dit verwys na die huidige dag, en aan die ander kant kan dit verwys na die volgende dag. Dit is in werklikheid goed dat hierdie onsekerheid bestaan omdat ons beide oorsprongsmoontlikhede in ons gebed kan bedoel. Indien die gebed in die oggend gedoen word, verwys dit na die brood wat ons vir daardie dag nodig het. Indien die gebed in die aand gebid word, verwys dit na die brood wat ons vir die volgende dag gaan nodig kry.

Die daaglikse brood het vir die Jode besondere betekenis gehad omdat hulle in die woestyn op 'n daaglikse basis deur God versorg is. God het hulle versorg deur manna te stuur. So terloops, manna beteken “(watsegoed) wat is dit”, saamgestel uit “ma” wat 'n vraagwoord is, ons vertaal dit onder andere met “wat?” Die agtervoegsel “na” kan met “dit” vertaal word en vandaar die naam vir “wat is dit?”

In die verlede was daar teoloë wat hierdie bede met dieper betekenis interpreteer het. Augustinus het hierdie daaglikse brood in verband gebring met die Nagmaal. Daar was kerke waar die Nagmaal daaglik aan lidmate bedien is. Dit was nie volgens hom die enigste interpretasie nie, maar wel 'n geldige interpretasie. Augustinus het die bede ook verstaan as 'n smeking na geestelike kos. Hy was oortuig dat ons geestelik verhongers en dat ons daaglikse die Woord moet hoor as geestelike kos - dit dra ons deur elke dag. Die naam van die GHG se boek met daaglikse

oordenkings is as “Lewensbrood” besig om aan hierdie interpretasie van Augustinus uiting te gee. Saam met hierdie interpretasies van Augustinus moet ons Jesus as die Brood van die lewe in berekening bring. Jesus stel in Johannes 6:35 dat Hy die brood van die lewe is. Teen dié agtergrond kan die bede verstaan word as ’n versoek dat Christus daaglik in die lewe van die gelowige sal wees.

Sonder om ’n finale uitspraak te waag oor hierdie interpretasies van die bede, is die voor-die-hand liggende dat hierdie bede werklik verwys na ons daaglikse behoeftes. Nie ons selfgesentreerde begeertes, drome en luukshede nie, maar ons basiese behoeftes. Wat ’n wonderlike wete, die wete dat die Skepper God, die God van die heilsgeskiedenis, tyd het vir die daaglikse behoefte van ’n klein kindjie. Ons as swakke mense mag met gerustheid hierdie bede opneem – “gee ons vandag ons daaglikse brood”. Ons versoek is om brood, nie uitspattige feesmaaltye nie. Nie ’n versoek om duur klere nie, maar basiese versorging. Nie duur eetgerei van goud en silwer nie, maar die basiese behoeftes vir elke dag.

Die feit dat ons vra vir “ons” daaglikse brood, beteken dat ons versoek tot versorging weier strek as ons eie selfsugtige voortbestaan. Dit gaan oor meer as “ek” wat met ’n vol magie gaan slaap. Die bede het met ander woorde ook ’n stuk voorbidding in opgesluit en daarmee saam ’n onderneming ten opsigte van die versorging van ons medemense.

Anders gestel, barmhartigheid as opdrag aan elkeen van ons moet ernstig opgeneem word. Die wysheid

wat noodsaaklik is om barmhartig te lewe in die 21e eeu, kan maar net van die Vader afgebid word.

Ons versoek om daaglikse brood impliseer dat ons nie vol vrees na die toekoms kyk nie.

Ons vertrou op God vir vandag. Mōre is onbekend en gister is onherroeplik en onveranderbaar verby. Ons moet en kan die lewe net met een tree op ’n slag, een dag op ’n slag aanpak. Ons mag nie vra om ver die toekoms in te sien nie, ons kan maar net vra vir genoeg lig vir die neem van die volgende tree.

Ons moet besondere aandag skenk aan die betekenis van die woordjie “gee”. Wat beteken hierdie versoek? Dit kan beslis nie beteken dat ons vra vir manna uit die hemel nie. God het in die woestyn Israel gevoed. Daardie eenmalige versorging skep geen presedent nie, maar wys tog dat God wonderbaarlik sorg en versorg. Die manna uit die hemel, die weduwee se kruik wat nooit leeg was nie, twee vermeerderings van brood aan groot skares is alles tekens van God wat buite die gewone sorg. “Gee” sluit hierdie uitsonderlike gevalle in, maar word nie deur hierdie insidente bepaal nie.

Om te vra kan ook nooit beteken dat ons dan op ’n stoeltjie gaan sit en rus, wagtend vir die volgende stukkie brood nie. “Gee” as versoek is eerstens die erkenning dat dit God is wat sorg.

Dit beteken egter ook dat ons ’n sekere onderneming maak. Ons sal werk. Ons arbeid gaan die brood op die tafel plaas. Dit beteken nie dat ons arbeid afgespeel kan word teen God se “gee” nie. Ons arbeid vind plaas binne die konteks van die versorgende “gee” van

God. Gebed kan nooit 'n manipulasie instrument wees waarmee ons God beweeg om ons te voed nie. Met gevoude arms gaan ons verhonger. Ons arbeid is 'n gawe wat ons, net soos ons kos, ontvang van die Skepper wat alles tot stand gebring het en steeds onderhou. Ons bede dat

God sal "gee" is 'n erkenning van afhanklikheid en tegelyk ook 'n onderneming om die nodige arbeid te verrig sodat ons kan eet. Ons arbeid verseker nie dat ons eet nie, ons afhanklikheid van God skakel enige so 'n veronderstelling uit.